

Die erediens en sabbatsonderhouding

Teks: Hebreërs 10: 19 - 31 & Sondag 38
Teksvers: Hebreërs 10: 25

1. Inleiding

Ons is met ons leerdienste steeds besig met die tien gebooie. Vandag kom die vierde gebod, aan die beurt. En miskien is dit een van die ongewildste gebooie. Al die ander gebooie is sake waarvoor ons mekaar vinnig skeef aankyk. Maar wanneer iemand nie die Sabbatdag onderhou nie, dan is dit mos nie so erg nie. Of is dit? Onlangs in debatte oor inperk regulasies van eredienste het besprekings rondom die 4de gebod gewild geword.

In baie van hierdie gesprekke is daar gesê, dat die regering ons dwing om die 4de gebod te oortree, omdat ons nie fisies bymekaar kan wees in eredienste te nie. Tog wonder 'n mens of al die mense wat so baklei werklik na die erediens sou kom, indien ons 'n fisiese erediens sou hou op hierdie stadium, sou gehad het. Want selfs voor die pandemie was gemiddelde erediens bywoning maar tussen 50 en 60 persent. Want duidelik is die gereelde erediens bywoning nie 'n gewoonte by die groot getal belydende Christene in Suid Afrika nie.

Maat wat is die redes hiervoor? Vandag in ons teksgedeelte kom een van die redes aan die beurt. Dit is barmhartigheid, veral onder mekaar in die gemeenskap van die gelowiges. sien in die grondteks is daar 'n komma tussen vers 24 en vers 25. Dit is dus eintlik een gedagte wat gedeel word. Daarom kan ons nie vers 25 uit konteks uit gebruik om mense voor die voet mee by te kom nie. Die regte boodskap is dat ons barmhartigheidswerk en ander koningrykswerk nie mag inmeng met erediens bywoning nie. Nou is die vraag natuurlik, waarom is dit nodig dat hierdie vermaning aan die Hebreërs gerig word? Kom ons ondersoek die verband tussen erediensbywoning en sabbatsonderhouding in Sondag 38.

Tweede Preek

2. Die oud maak nie plek vir die nuut nie.

Die brief Hebreërs word geskryf om die nuwe groep gelowiges in die einde van die eerste eeu te versterk in hulle geloof. En wanneer ons krag nodig het is dit natuurlik net op een plek te vinde. Aan die voet van die Kruis van ons Here Jesus Christus. Daar waar die verskriklike toorn van die Here, soos beskryf in vers 30 en 31 in ons plek deur Christus gedra is.

Maar dit is dan juis hier waar ons ook staan en opkyk, vorentoe kyk. En dit is wat ons ook sien wanneer ons vorentoe kyk. Ons sien die voorhangsel van die tempel, voor die heiligdom in twee geskeur. Deur die bloed van Christus, ons ewige groot Priester kan ons nou nader na God. En as verlost mense moet ons ook hierdie liefde aan ons broers en susters gaan bewys. Dit is immers juis die opdrag in vers 24 aan die eerste aanhoorders. Gee ag op mekaar en spoor in liefde mekaar aan tot goeie werke.

Maar dan onmiddelik kom ons teksvers en herstel enige ongesonde balans wat hierdie opdrag dalk tot gevolg kon hê. Want sien hierdie opdrag is nie vervangend tot die Ou Testamentiese bepaling om die Here alleen te aanbid en verheerlik nie. Ons sien dit ook in Jesus se bekende woorde in Mattheus 22: 37 & 38: “‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand. ³⁸Dit is die grootste en die eerste gebod. ³⁹En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”

Dus is ons duidelik nie hier besig met nuwe geloofsbepalings wat die ou bepaling vervang nie. Die aanbidding en verering van die Here mag nie nagelaat word, om enigiets anders te doen nie, selfs al is dit ook hoe goed. Jesus maak maak ook hierdie prioriteit duidelik in

Matteus 26 vers 11, wanneer Hy sê: “¹¹Die armes het julle altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie” in antwoord op die olie vermors om Hom te salf.

3. Rus teenoor werk

Wanneer ons die 4de gebod verder terug neem, sien ons al by die instelling daarvan dat dit oor rus gaan. Ons ken Eksodus 20 vers 8 en 9 so goed. Die feit dat die Here die sabbatdag ingestel het om juis te rus van die werk van die skepping van die aarde. Die skepping wat natuurlik goeie werk was. En miskien is dit juis waar ons probleem met sabbatsonderhouding lê.

Sien sabbatsonderhouding is nie die werk gedeelte van ons gelooflewe nie. Nee, dit is juis die rus gedeelte. Dit is ook so met die erediensbywoning. Die erediens is juis daar dat mense rustig kan word in die teenwoordigheid van die Here. Dit is hier in die erediens waar ons kom rus vind van 'n bese wêreld. Waar ons na die Woord van die Here kom luister om versterk en gevoed te word, om ook weer te gaan werk in die geloof die komende week.

Sondag 38 brei juis in die tweede gedeelte van die antwoord op vraag 103 uit op die ewige sabbat waarin ons nou al moet leef. Dit werk soos volg ons verlossing in die Here Jesus Christus veroorsaak dat ons nou al, elke dag, kan rus van ons bese werke. Hierin is sabbatdag juis vir ons die hoogtepunt. In die res van die week waarskynlik gedwing word om steeds deel te wees van die wêreld. Is baie van ons nie op 'n Sondag gedwing om by die werk te wees nie.

Op 'n Sondag het ons die voorreg om juis besig met die dinge van die Here. Die probleem is egter dikwels het 'n bese wêreld ons al so ingesluk dat ons geloofsake en daarmee saam erediens bywoning sien as werk. Miskien juis omdat dit dikwels so baie inspanning verg om anders as die wêreld te dink. Tog is die juis in hierdie anders dink waar ons ware rus vind.

4. Rigtingwysers op mekaar se pad.

Die laaste punt is wat doen ons op die sabbatdag. Of dan met ander woorde waar vind ons die rus van die Here. En in die antwoord van vraag 103 sien ons die duidelike saak van Woordbediening en die skole. Beide sake wat instand gehou word. Die rus wat die Here word gevind in die lewe volgens Sy wil. Maar ons sal nie die wil van die Here ken as daar nie woordverkondiging en opleiding is nie. Ons geloof kan nie sonder die nodige kennis groei nie.

Daarom kom ons op 'n Sondag primer bymekaar voor die Woord van die Here. En juis daarom is dit ook die kerk van die Here se belangrikste opdrag. Die instandhouding van die Woordverkondiging. Daarom pas ons aan om ook die Woord hier op digitale media aan u te bring. Want in ons trotse gereformeerde oortuigings deur die jare, sal ons alles doen om Woordverkondiging te fasiliteer. Dit maak nie saak watter teenstand ons ook ervaar nie.

Partykeer is dit juis moeilik om te dink dat daar rus is in Woordverkondiging. Want dikwels is die Woord van die Here so skerp en reguit. Kyk maar net na vandag se teksgedeelte. Die woord wat ons vandag hoor is reguit woorde. Woorde van oordeel vervloeking, woorde van die toorn van die Here. Maar uiteindelik is dit juis hierdie opsetlike sondes wat ook die rus in ons lewens verstoor. Daarom is dit belangrik om te kyk na die Rigting wysers op die pad van die Here. Dit is belangrik om na die Woord van die Here te luister, selfs al die ongemak van my eie gebrokendheid se openbaring daarin. Daarin lê op die ou einde ook die verlossing en redding uit my eie gebrokendheid.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur terug te kom na die boodskap in ons teksgedeelte. Geen ander saak is so belangrik dat dit in die plek van die erediens mag kom staan nie. Ek kan nie sê, ek bly weg van die erediens om die armes te gaan versorg nie. Ook in die pandemie tyd waarin ons vandag lewe, kan ons nie die erediens eenvoudig opoffer vir die pandemie nie. Maar beteken dit dan nou dat ons teen regulasies in moet bymekaar kom in die kerkgebou.

Wel eintlik as ons mooi daarvoor dink nee. Die belangrike saak in die erediens bly steeds die Woordverkondiging. Daarom is dit juis die element wat ons by uitstek probeer vasvang in hierdie uitsendings. En uiteindelik is dit juis op die einde woordverkondiging wat daar onder gaan lei, wanneer ons mekaar onnodig besmet met die virus. Wanneer ons ook sterf, en ander mense in ons plek moet kom besig raak met woordverkondiging.

Daarom juis om die woordverkondiging te bewaar, doen ons dinge spesifiek op hierdie manier op hierdie stadium. Die ander belangrike saak wat ons vandag gesien het, is die feit dat ons ook in liefde na mekaar moet uitreik. Dat ons mekaar moet aanspoor tot moeilike dade. Natuurlik in ander tye as die erediens tye, maar natuurlik ook veral in swaar en moeilike tye soos ons tand beleef.

Kom ons bid en werk saam om mekaar te ondersteun en help. Selfs in hierdie pandemie tye. Sodat ons ook uiteindelik weer in die goeie tye saam erediens kan hou in die ware sin van die woord.

Amen